Die kinders is ons eregaste en as hulle lekker speel, is ons gelukkig! Die speletjies is kleurvol en eenvoudig ontwerp om die ouers terug te neem na "die goeie ou dae" en die kinders geniet beslis elke oomblik.

Van "vang 'n vis" en "sakkie gooi" tot "pin the tail" en 'n inkleurkompetisie vir ons kleiner maats. Kom neem deel vir R2, R5 en R10 per kaartjie - ons hou dit goedkoop sodat jou kind met R20 of R50 'n goeie tyd kan hê!

Laaiplek Spar is die trotse borg van al die lekkernye wat die kinders wen en jou kind sal verseker nie leë hande wegstap nie.

Laasjaar het die ouers nét so hard gespeel soos die kinders en ons nooi jul uit om dit asb weer te kom doen - ons almal het mos steeds 'n kind binne ons en lekkerkry het nie brieke nie!